Dinsdag 16 Februarie

Skrifgedeelte: Psalm 83	Fokusgedeelte: Psalm 83:10-12

U alleen is God

Hierdie wraakpsalm klink darem geweldig aggressief. Tog is dit nie so uit lyn met wat die Christendom vandag beleef nie. Om maar een voorbeeld te noem, kyk net na vers 5. Vandag is daar steeds mense wat enige sprake van Christus en die kerk vergete agter sal wil laat. Daarom is hierdie Psalm nie so ver verwyder van ons as die nuwe Israel af nie. Ons ervaar bedreiging, en in baie lande selfs fisiese vervolging. Stilweg word Christelike oortuigings uitgeskuif uit die sentrale samelewing. Dink maar aan die televisie, opvoerings en ander daaglikse aktiwiteite. Soms kan dit maklik voel of ons getal gelowiges maar ’n klein groepie mense is, soos wat Israel klein en hulpeloos voel in die uitroep na die Here in vers 2.

Maar dan moet ons juis ook die tyd neem om weer te besin. Waaroor? Oor die oorwinnings wat die Here reeds behaal het. Vers 10 tot 12 getuig van hierdie oorwinnings van die Here. En soos ons, weet die antieke Israeliete dat niks voor die Here kan standhou nie. Hy is die enigste een wat die Naam Here waardig is. Ons weet dat ons Here Jesus Christus ook ons finale vyand, die dood, kom oorwin het. Omdat U alleen God is, weet ons dat ons verlossing vas en seker is. En daarom moet my hele lewe ’n Psalmlied tot eer en verheerliking van die Here wees. Sodat ook my lewe, soos hierdie Psalm, op ’n hoogtepunt kan afsluit wanneer my tyd op aarde verby is.

Sing: Psalm 83-1:1, 4

Ds. FR Pretorius (Franscois) (Phalaborwa)